BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# Ek's In

# Deel 1 – Geloof In Jesus

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Wat dink jy oor die stelling dat "geloof" nie net 'n godsdienstige term is nie, maar dat almal geloof het in hulle lewe en dit toepas in verskillende areas van hulle lewe? Wat dink jy van die stelling dat God vir ons almal die vermoë gegee het om te glo? Verduidelik.**

**Hoe sal jy vir iemand, wat geen godsdienstige agtergrond het nie, verduidelik wat geloof beteken?**

**Dink vir 'n oomblik aan 'n Christen met 'n diep geloof in God en wie se lewe deur hulle geloof gerig word. Wat is vir jou aantreklik van hulle geloof? Hoe dink jy bou 'n mens so tipe geloof?**

**Wat dink jy is die verskil tussen geloof, hoop en optimisme? Dink jy daar is 'n verskil? Verduidelik.**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Hebreërs 11:6. Hoekom is geloof in God so belangrik vir Christene en vir God?**

**Romeine 10:17. Wat bou geloof in ons lewe volgens hierdie vers? Hoe lyk dit prakties in jou lewe?**

**Johannes 11:25-26. Wat dink jy beteken dit om te glo dat Jesus die opstanding en die lewe is? Hoe moet dit ons Maandag tot Vrydag affekteer?**

**Johannes 7:38. Wat dink jy bedoel Jesus met strome lewende water?**

**Watter van die woorde wat in die preek genoem is – BEHEER | BEGRIP | SEKURITEIT |SEKERHEID – ervaar jy kan moontlike dinge in jou lewe wees waarop jy hoë waarde plaas? Hoe kan jy dit oorgee aan God?**

**Lees weer Openbaring 3:20. By watter area van jou lewe staan Jesus en klop? Watter area in jou lewe kan moontlik net 'n "skyn; voorkoms" hê van wat werklik is? Hoe kan jy die deur vir God oopmaak na hierdie area?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**